DLB

BOIPATONG HEARING - LIST OF EXHIBITS

A	Statement by Lukhozi (unsigned)
B	SS by Thomas Lukhozi
C	Firearm licences : M V Mthembu
D	Fax from Brig Langenhoven to Lt Col Steyn
E	"Confession" : Bhekinkosi Mkhize
F	"Confession" : W F Mnisi
G	"Confession" : M T Dlamini
H	"Confession" : M Ndaba
J	Plan of Boipatong
K	Newspaper article
L	Affidavits by J D Venter, G J van Stratten, C B du Plessis, T L Steyn and H J Geldenhuys
M1	Black and white photograph of Boipatong
M2	Colour photograph of Boipatong
N	Photograph of threat to Tshabangu (NANA) painted on wall
O	Memorandum - victims
P	Applicants' reply to memo
Q	SANDF's reply to memo
R	Addendum to Boipatong Index
S	Document compiled by TRC Investigative Unit to assist at hearing
T	Bundle handed up on behalf of victims
U	Evaton document
V	Excerpts of Supreme Court record of Nosenga's trial
W	Excerpt from Prison Cell register - Vanderbijlpark
X	Excerpt from Occurrence book
Y	Permit for legal visit to prisoner
Z	Minutes of 17th annual general IFP conference held at Ulundi
AA	Affidavit by Duma
BB	ISCOR's reply to Nicholls, Cambanis & Assoc
CC	SS by victims' first witness: Wilson Baloyi
DD	Response by TRC dd 11 May 1999 and docs attached thereto (38 pages
EE	Lighting and inspection report
FF	Interview by Rian Malan with Pedro Peens.
GG	Bundle of Statements made by victims.
HH	

Exh "A"

Statement

Thomas Sipho Lukhozi state under oath in Zulu.

(1)

Male of 35 years old the moment residate is at Johannesburg prison medium "C" under pending appeal of his case of Boipatong massacre, and having 15 years of another case of robbery

(2)

At this moment I dont like to go and sit infront of T.R.C hearing because I was sentenced for this case of Boipatong massacre when I was not present. I was not even around the area of Boipatong

Court delay took place at Vereeniging more than a hour at supreme court. That was on between 17 or 18 June 1992. My accused failed to get out from the hostel because of that Boipatong massacre. Supreme court send a special van to go and collect him inside the hostel. I was not inside there.

Final I'm not going to TRC hearing and I'm not interested about that, I didnt kill any body, I'm in jail for nothing. If T.R.C. need something to me, they ~~my~~ must consult my advocate.

x Thomas. Lukhozi

my advocate is A.S. Burger, I dont know his working place. His cellular phone no 08265,7539 The other number for massages 0826502000.

Further more I didnt make any amnest application. Advocate Strydom and other one came to me about the myself to make application I refused.

That is all I can say to this statement and no body forced me to not attend TRC hearing.

I sworn that the contents of this statement is true so helps me god.

x Thomas. Lukhozi

I know and understand the contents of this declaration.
I have no objection to taking the prescribed oath.
I consider the prescribed oath to be binding on my conscience

x Thomas. Lukhozi

This statement taken by myself.

[signature]
S.M. MABIBA

"B" D.B

BEëDIGDE VERKLARING

Ek, die ondergetekende,

THOMAS MAKHEHLENI LUKHOZI

verklaar onder eed soos volg: -

1. Ek was Beskuldigde 70 in saaknommer SS123/93. Ek was in die Hoër Hof van Suid-Afrika (Transvaalse Provinsiale Afdeling) deur Sy Edele Regter Smit skuldig bevind aan verskeie klagtes, onder andere klagtes van moord.

2. Op die 9de Junie 1994 is ek gevonnis tot 18 jaar gevangenisstraf.

3. Verlof om teen my skuldigbevinding te appelleer is deur die Hoogste Hof van Appèl aan my toegestaan. Daar word intussen voortgegaan met hierdie appèl.

4. Nadat ek ongeveer ses maande van gemelde vonnis uitgedien het, is ek vrygelaat op R5 000,00 borg hangende appèl. Borg is namens my betaal op die 16de Desember 1994.

5. Ek is tans besig om 'n vonnis wat in 'n ander saak aan my opgelê was, uit te dien en word aangehou te Johannesburg Gevangenis.

Tolk: Samuel Tshabangu

6. Ek het geen beswaar indien my borgtog van R5 000,00 wat vir my toegestaan was in saaknommer SS123/93 teruggetrek word nie, aangesien ek in elk geval in aanhouding is op hierdie ander saak.

x

DEPONENT

GETEKEN EN BEËDIG VOOR MY TE JOHANNESBURG OP HIERDIE 5 DAG VAN FEBRUARIE 1998 DEUR DIE DEPONENT WAT ERKEN HET DAT HY/SY DIE INHOUD VAN HIERDIE VERKLARING KEN EN VERSTAAN EN DIE EED AS BINDEND ~~OP SY/HAAR~~ GEWETE BESKOU, EN GEEN BESWAAR HET TEEN DIE AFLÊ VAN HIERDIE EED NIE.

KOMMISSARIS VAN EDE

VOLLE NAME:

AMPSBEVOEGDHEID: Adjudant

ADRES: Hul. Gevangenis

HOOF VAN DIE GEVANGENIS
MEDIUM B
1998 -02- 05
JOHANNESBURG
HEAD OF THE PRISON

BUTINKI SIMON MATENE

RS/BPT2

Tolk: Samuel Tshabangu

Exh "C"

6

VUURWAPENLISENSIE/FIRE ARM LICENCE

LISENSIE OM 'N WAPEN TE BESIT
LICENCE TO POSSESS AN ARM
SAP 272 (a)

651005 5572 08 7
MTHEMBU M.V.

CODE 0522(PISTOL)
NO. 201594
CAL 9 MM
LUGER
1991-01-14

Inkomsteseël / Revenue stamp — KOSTELOOS UITGEREIK / ISSUED FREE OF CHARGE

LISENSIE OM 'N WAPEN TE BESIT
LICENCE TO POSSESS AN ARM
SAP 272 (a)

651005 5572 08 7
MTHEMBU M.V.

CODE 0522(PISTOL)
NO. L017594
CAL 9 MM
LUGER
1991-03-04

Inkomsteseël / Revenue stamp — KOSTELOOS UITGEREIK / ISSUED FREE OF CHARGE

7

ADDISIONELE VUURWAPENLISENSIE

LISENSIE OM 'N WAPEN TE BESIT
LICENCE TO POSSESS AN ARM
SAP 272 (a)

651005 5572 08 7
MTHEMBU M.V.

CODE 0522(PISTOL)
NO. 46793
CAL 9 MM
CZ 83
1992-06-01

Inkomsteseël / Revenue stamp — KOSTELOOS UITGEREIK / ISSUED FREE OF CHARGE

VERTROULIK.

Exh "D"

G.P.-S. 002-0493

SAP 433

SUID-AFRIKAANSE POLISIE — SOUTH AFRICAN POLICE

TELEFAX
DEKBLAD · COVERING SHEET

Aan / To: G.B. MID Vereeniging	Vir aandag / For attention: Lt. Kol. Steyn
Faks No. / Fax No.:	Datum / Date: 92-06-29 — Tel. afsender / Tel. sender: 012-3101739.
U verw. / Your ref:	My verw. / My ref: 56/30/1/2 (17)
Afsender / Sender: A.H. MBO. HK PTA.	Gehanteer deur / Dealt with by: Brig C. Engelbrecht

Aantal bladsye, dekblad ingesluit / Number of sheets, including the covering sheet: 6.

Onderwerp / Subject: MOORD BOIPATONG: 92-06-17.

Boodskap / Message:

1. Amptelikes is in verbinding van 'n Mandlove persoon wat op 'n baie sensitiewe wyse betrokke is.

2. Die inhoud van die verklaring mag egter vir die ondersoekspan van groot waarde wees.

3. Gelieve om Lt. Kol. Engels te ontmoet en die situasie aan hom te verduidelik.

4. Die BUTHELEZI wat gemeld word is ook deur een van die verdagtes wat ondervra is gemeld as die leier. Dit is belangrik dat hy geïdentifiseer en gearresteer word.

Om. ... Brig.

Handtekening — Offisier
Signature — Officer

VERTROULIK.

On the 15th March 1992, an attack took place at Chief's Place Tavern in Sharpville. Two women were killed and several injured. One of the perpetrators of the attack was injured by one of his colleagues by accident. He has stated on affidavit as follows : -

> "I am able to live at the Kwa-Madala Hostel without charge. I am unemployed, as are several of the other residents of the hostel. We are supported by those residents who are employed. In addition, we receive food parcels from the International Red Cross every two weeks. We also robbed people in town. We, as a group, approached individuals and threatened them so that they gave us money.
>
> Although the Kwa-Madala Hostel is owned by Iscor, only some of the residents work at Iscor. Some work at other factories and, as mentioned above, the rest are unemployed.

All the residents of the Kwa-Madala Hostel are members of the Inkatha Freedom Party. Amongst the residents there are individuals whom are leaders of the Inkatha Freedom Party. Amongst them is one, Buthelezi.

A system exists at the Kwa-Madala Hostel whereby each resident becomes part of a "unit". I was placed in a unit consisting of four members".

"I was trained in the use of weapons by Buthelezi".
"Every resident is trained in the use of weapons.

I am aware that other members of other units were also trained in the use of weapons.

I have seen many arms and ammunition stored at the Kwa-Madala Hostel. Meetings were held every Tuesday and Thursday. At these meetings, we were informed when new weapons had arrived.

The arms are brought by members of the Inkatha Freedom Party, who arrive at the hostel from Natal. I have seen them arrive with AK 47's and spears with poisoned tips.

Some of those who arrive come to the area to work. However, others come to carry out missions and attacks in the local township. Others come to bring arms and then leave.

During the four months that I have lived at the Kwa-Madala Hostel, I have seen units being sent out on missions. However, I have not known exactly where they have been sent to or what missions they have carried out".

"On the 15th March 1992, my unit was instructed by Buthelezi to go to Sharpville Township for the following purpose : -

to attack comrades who had been responsible for the killing of an Inkatha member, one Tlhola;

to attack two taverns, namely, Chief's Place and the Philadelphia Tavern. We were instructed to kill people there because it is known that comrades drink there.

We were also informed that a secondary purpose to our mission was to assist in the attack of comrades for the purpose of Inkatha regaining entry to the townships.

We were given arms by Buthelezi. We were given two rifles amongst the four of us. I was not myself carrying a rifle.

We divided ourselves into two groups of two. I moved with N. He was carrying a rifle.

Between 8 and 9p.m and at or near Phomolong Section in Sharpville, we saw a group of comrades. Amongst them was one comrade known to me as Ntopia. My partner opened fire and Ntopia was struck.

We formed two groups. Two stayed on the ground and myself and my partner went forward to shoot. Thereafter, we moved to Chief's Tavern. N was shooting at people in the tavern and the gun jerked and that was when I was hit. I was carrying a rifle at Chief's Tavern. N gave me the rifle.

As far as I am aware our second mission at the Philadelphia Tavern was not carried out after I was struck and injured".

Exh "E"

GEBRUIK DEUR OFFISIER ALLEEN

Om 16:20 (nm) op hierdie 11e dag van Julie 1992 en te kamer 25; 2e vloer SAP Vanderbijlpark verskyn : Bhekinkosi Mkhize, gebore 1955 ek ken nie die maand en dag nie

(VOLLE NAAM EN OUDERDOM) (HIERNA DIE VERKLAARDER GENOEM) oënskynlik by sy gesonde en volkome verstand, voor my : Kaptein Andre Johan Radley Vrederegter vir die Republiek van Suid-Afrika.

Die verklaarder is deur NVT van die Suid-Afrikaanse Polisie na my privaat kantoor gebring en in die kantoor is daar slegs ek, die verklaarder, en nr 0157288-1 S/AO B E Sikhosana die tolk, en niemand anders nie. (Het voor kantoor se deur gesit en wag).

Die verklaarder word meegedeel dat hy in die teenwoordigheid van 'n polisieoffisier is, wat as sodanig 'n Vrederegter is (in hierdie stadium toon ek my aanstellingssertifikaat aan hom) & verduidelik aan Verklaarder presies wat 'n vrederegter is deur middel van 'n tolk, dat hy niks te vrees het nie en dus met vrymoedigheid kan praat en dat, indien nodig, beskerming teen enige onreëlmatigheid aan hom verleen kan word.

Die verklaarder word gewaarsku dat hy nie verplig is om enige verklaring hoegenaamd af te lê nie en dat, as hy 'n verklaring sou aflê, dit neergeskryf en as getuienis gebruik mag word.

Daarna verstrek hy die volgende antwoorde op die onderstaande vrae : (Die omvang van die vrae is aan hom verduidelik)

1. Begryp u die waarskuwing wat deur my aan u gegee is?

   Antwoord : Ja

2. Is u nogtans begerig om 'n verklaring af te lê?

   Antwoord : Ja

3. Is u deur enige persoon aangerand of gedreig om u te beïnvloed om 'n verklaring te kom aflê?

   Antwoord : Nee

4. Is u deur enige persoon op enige wyse beïnvloed of aangemoedig om 'n verklaring af te lê?

   Antwoord : Nee

PARAAF : KAPT RADLEY
S/AO SIKHOSANA

R.D.A. BHEKINKOSI MKHIZE

GETEKEN BHEKINKOSI MKHIZE

.2./.....

5. (1) *Is enige beloftes deur enige persoon aan u gedoen indien u 'n verklaring sou aflê?*

Antwoord : Nee

(2) *Indien wel, watter beloftes?*

Antwoord : NVT

(3) *In welke mate, indien enige, het die beloftes bygedra tot besluit om 'n verklaring af te lê?*

Antwoord : NVT

6. (1) *Verwag u enige voordele as u 'n verklaring aflê?*

Antwoord : Nee

(2) *Indien wel, watter voordele?*

Antwoord : NVT

(3) *In welke mate, indien enige, het die feit dat u voordele verwag, bygedra tot u besluit om 'n verklaring af te lê?*

Antwoord : NVT

7. (1) *Het u vantevore 'n verklaring, hetsy mondelings of skriftelike, in verband met hierdie voorval aan enige persoon gemaak?*

Antwoorde : Ja ek het gepraat

(2) *Indien wel, aan wie, wanneer en onder watter omstandighede?*

Antwoord : Dit was aan die Polisie, 'n wit polisieman gewees. Dit was vroeër vandag gewees, hy het my uitgevra na die dinge toe vertel ek hom wat gebeur het.

(3) *Waarom verlang u om die verklaring te herhaal?*

Antwoord : Ek wil 'n verklaring op papier maak.

PARAAF : KAPT RADLEY
S/AO SIKHOSANA

R.D.A. BHEKINKOSI MKHIZE

GETEKEN BHEKINKOSI MKHIZE

8. (1) Is u in hegtenis geneem?

Antwoord : Ja

(2) Wanneer is u gearresteer?

Antwoord : Dit was 'n rukkie terug en ek kan nie sê presies watter dag nie.

9. (1) Het u beserings van enige aard?

Antwoord : Nee - net ou wonde.

(2) Waarnemings deur die Vredevegter :

Versoek verklaarder om sy klere uit te trek. Merk volgende op : 'n ou letsel op r/a onderboud, merkies as volg ("11") op bors en onder regtertepel = (ou muti wonde) linker en regterarms toon beide ou geneesde letsels, letsel regter-bo-hand. Beide bene het ou geneesde letsels. voete Geen vars wonde. Letsel bokant regter vooroogbank sowel as langs regter voor slaapgedeelte. Letsel op regter agter kop - hare groei nie mooi nie. Verklaarder so ingelig - tevrede.

10. (1) Is u steeds begerig om 'n verklaring af te lê?

Antwoord : Ja

(2) Aangesien u steeds bereid is om 'n verklaring af te lê, wil ek net van u verneem vanwaar u die kennis opgedoen het omtrent die beoogde verklaring wat u wil maak?

Antwoord : Ek was self daar gewees

11. (1) Is u tans onder die invloed van enige drank en/of verdowingsmiddels?

Antwoord : Nee

PARAAF : KAPT RADLEY
S/AO SIKHOSANA

R.D.A. BHEKINKOSI MKHIZE

GETEKEN BHEKINKOSI MKHIZE

(2) Waarnemings deur die Vredevegter :

Verklaarder kom nugter en by sy volle positiewe voor. Hy ruik nie na drank nie.

12. Noudat dit blyk dat die verklaarder -

(1) by sy volle positiewe is;
(2) nie onbehoorlik daartoe beïnvloed is nie; en
(3) vrywillig en ongedwonge 'n verklaring wil maak :
word hy meegedeel dat hy nou kan voortgaan :

Dit wat ek wil vertel het op Woensdagaand gebeur. Die Woensdag was die 17e van Junie 1992. Dit was net so na nege uur in die aand gewees.

Ek was by die Kwa-Madela Hostel gewees. Ek bly daar by die room. Dit is room number 8. Daardie Woensdag was ek daardie tyd by stadium binnekant by die Hostel. Ekself en van die ander mense wat by daardie selfde Hostel bly het gebesluit dat die mense ons verhinder om buite die Hostel na die winkels te gaan. Ons het toe besluit om die mense wat in die omgewing om die hostel gebly het aan te val. Nou (vervolg op folio) voor ek verder vertel wil ek sê dat die hostel waar ek bly by Boipatong is.

Boipatong is die naam van die lokasie waarby die hostel is.

Ek het die mense gesê dat hulle hulself moet bewapen. Dit is nou almal van die mense wat binne in my hostel gebly het. Hulle was baie mense gewees. Dit is nou die mense met wie mee ek gepraat het. Hulle was so by die dertig. Dit kan meer ook gewees het. Van hulle het ek persoonlik geken. Dit was Sithundlwa Zulu, Samzondwase Ngema en nog ander wie se name ek nie kan onthou nie. Ek ken hulle. Ek kan hulle wys.

Ons het toe almal bymekaar gekom na die vergadering. Dit was weer by die stadium.

PARAAF : KAPT RADLEY
S/AO SIKHOSANA

R.D.A. BHEKINKOSI MKHIZE

GETEKEN BHEKINKOSI MKHIZE

Ons was 'n groot groep gewees. So tussen 50 en 'n 100 mense, almal van die hostel. Dit was nou almal mans gewees. Almal van ons was gewapen. Party het assegaaie gehad. Ander het vuurwapens gehad.

Ek het self 'n AK 47 by my gehad en het 'n magasyn gehad wat vol van die AK se koeëls was.

Ons het toe vanuit die stadium beweeg tot oorkant die pad langs Kwa-Madela hostel daar waar die huise begin het.

Toe ons by die huise gekom het, het die wat die assegaaie gehad het binne in die huise ingegaan om hulle te steek. Ek en die ander wie buitekant gewag het, het die mense van die huise wat uitgehardloop en probeer weghardloop het, met ons vuurwapens geskiet.

Ek het self so omtrent vyf skote met my AK op die mense wie ek sien weghardloop het, geskiet. ? automatic

Toe ons klaar met die aanval was het die hele groep na die hostel terug gegaan. Ons het weer by die stadium bymekaar gekom en het Sithundlwa ons gesê om ons wapens weg te steek.

Ek het my AK 47, onder 'n boom gaan wegsteek daar binne in die hostel.

Ek het toe gaan slaap. Dit is al.

Nadat die verklaring afgeneem is, word die verklaring aan die verklaarder oorgelees - hy word ook die geleentheid gebied om die verklaring self te lees en veranderings aan te bring indien hy dit nodig ag. Deel mee dat hy nie Afrikaans kan lees nie. Versoek dat ek dit deur middel van 'n tolk moet teruglees.

Notuleer of hy self ook die verklaring deurlees :

Antwoord : Nee

PARAAF : KAPT RADLEY
S/AO SIKHOSANA

R.D.A. BHEKINKOSI MKHIZE

GETEKEN BHEKINKOSI MKHIZE

1. *Is u tevrede dat dit wat u verklaar het, korrek genotuleer is?*

   Antwoord : Ja

2. *Het u enige klagtes oor die wyse waarop ek hierdie verklaring afgeneem het?*

   Antwoord : Nee

3. *Is u tevrede met die tolk?*

   Antwoord : Ja

PLEK : VANDERBIJLPARK

DATUM : 1992-07-11

TYD : 17:20

R.D.A. BHEKINKOSI MKHIZE

GETEKEN KAPT A J RADLEY

Verklaring deur my geneem.

Ek, NR 157288-1 RANG S/AO NAAM B E SIKHOSANA sertifiseer dat ek getrou en juis en na die beste van my vermoë vanuit die Afrikaanse taal na die Zoeloe taal, en andersom, getolk het met betrekking tot die inhoud van die bestaande verklaring en enige vraag deur die Vrederegter aan die verklaarder gestel.

....
HANDTEKENING VAN TOLK
S/AO SIKHOSANA

Waarnemings deur die Vrederegter omtrent die verklaarder :

1. Kleredrag :

Gekleed in 'n blou oorpak baadjie, groen oorpak baadjie, groen oorpak langbroek, blou kouse sonder skoene, fawn rooi en swart gestreepte onderbroek met rooi en groen gekleurde lyfband. (Tou om die middellyf) Is in voetboeie geboei.

2. Voorkoms :

Netjies en skoon.

3. Houding :

Is met voetboeie geboei. Sit op 'n gemakstoel voor my lessenaar. Kom heel kalm en op sy gemak voor. Verklaarder gesels spontaan deur middel van die tolk met my.

PLEK : VANDERBIJLPARK

DATUM : 1992-07-11

TYD : 17:25

/05/RADLEY

"F"

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike dokument. Daar is geen aanduiding dat die oorspronklike dokument deur ongemagtigde persone gewysig is nie. A.T141
Certified a true copy of the original document. There is no indication that the original document has been amended by unauthorised persons.
1993-02-02
HOOFKLERK VAN DIE PROKUREUR-GENERAAL
CHIEF CLERK OF THE ATTORNEY-GENERAL
PRETORIA

BEKENTENIS

* SKRAP INDIEN NIE VAN TOEPASSING

VERKLARING INGEVOLGE ARTIKEL * 217(1)(b) / 219A VAN DIE STRAFPROSESWET, 1977 (WET 51 VAN 1977)

Voor my ...MNR. A.G. DU PLESSIS... *~~Landdros~~/ Addisionele Landdros/~~Assistent-landdros~~ vir die distrik ...SPRINGS... verskyn op ...14/7/...1992.. om ...14..h45.. en te ...SPRINGS... in die distrik van ...SPRINGS VERSKYN...

...PHILLIP MGWANDILA MGCINA...
(Volle naam, ras, geslag en ouderdom)

hierna die verklaarder genoem. Die verklaarder * verkies/ ~~verkies nie~~ 'n tolk ~~nie~~ ...

...

...

Geen ander persoon behalwe * ...MNR. W.F. MNISI... amptelike tolk in die ...ZULU... taal, in diens van die Departement Justisie is teenwoordig nie. Die verklaarder is deur S/SERS. BOUWER... van ...K.O.D. SPRINGS... na my kantoor gebring.

Die volgende vrae word aan die verklaarder gestel:

1. Die verklaarder word meegedeel dat ek 'n landdros is, niks te doen het met die ondersoek nie en nie saam met die polisie of enige persoon in die saak werk nie. Die verklaarder word ook meegedeel dat * hy / ~~sy~~ onbevrees en vrylik kan praat en dat, indien nodig, beskerming teen enige onreëlmatighede aan * hom / ~~haar~~ verleen sal word.

   Antwoord: ...EK VERSTAAN DIT...

............/2

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike dokument. Daar is geen aanduiding dat die oorspronklike dokument deur ongemagtigde persone gewysig is nie.
Certified a true copy of the original document. There is no indication that the original document has been amended by unauthorised persons.
1993-02-02
HOOFKLERK VAN DIE PROKUREUR-GENERAAL
CHIEF CLERK OF THE ATTORNEY-GENERAL
PRETORIA

2. Die verklaarder word gewaarsku dat * hy / ~~sy~~ nie verplig is om enige verklaring af te lê nie. Indien enige verklaring deur * hom / ~~haar~~ afgelê sou word, word dit neergeskryf en mag dit later as getuienis teen * hom / ~~haar~~ gebruik word in 'n hofsaak.

Antwoord: ..*JA, EK VERSTAAN*..................................

3. Begryp u die verduideliking en waarskuwing wat aan u gerig is?
Antwoord: ....*JA*..

4. Wil u nogtans voortgaan met die aflegging van 'n verklaring?
Antwoord: ....*JA*..

5. Wat het u laat besluit om hierdie verklaring af te lê?
Antwoord: *Die ding wat plaas gevind het is nie 'n goeie ding nie, dit pla my in my hart en ek wil daaroor praat.*...........................

6. (i) Is u aangerand of met aanranding gedreig om u tot die aflegging van 'n verklaring te beïnvloed?
Antwoord: ....*NEE*...

(ii) Deur wie, wanneer en hoe?
Antwoord: .......*N.V.T.*..

7. (i) Is u met aanranding of enigevorm van benadeling gedreig indien u sou weier om 'n verklaring voor 'n landdros af te lê?
Antwoord: ....*NEE*...

(ii) Deur wie, wanneer en hoe?
Antwoord: .......*N.V.T.*..

8. (i) Is u met aanranding of enige vorm van benadeling gedreig indien u my sou vertel van sulke dreigemente?
Antwoord: ....*NEE*...

............/3

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike dokument. Daar is geen aanduiding dat die oorspronklike dokument deur ongemagtigde persone gewysig is nie.
Certified a true copy of the original document. There is no indication that the original document has been amended by unauthorised persons.
1993-02-02
HOOFKLERK VAN DIE PROKUREUR-GENERAAL
CHIEF CLERK OF THE ATTORNEY-GENERAL
PRETORIA

8. (ii) Deur wie, wanneer en hoe?

Antwoord: ....*N.V.T.*....

9. (i) Is u deur enige persoon op enige ander wyse beïnvloed of aangemoedig om 'n verklaring voor 'n landdros af te lê?

Antwoord: *Ek was nie beinvloed maar gevra of ek 'n verklaring wil aflê.*

(ii) Deur wie, wanneer en hoe?

Antwoord: *Deur polisiebeampte wie my deur soek het. Ek ken nie sy naam nie.*

10. (i) Is u deur iemand voorgesê wat om in hierdie verklaring te sê?

Antwoord: ....*NEE*....

(ii) Deur wie?

Antwoord: ....*N.V.T.*....

11. (i) Is daar enige beloftes aan u gemaak indien u sou instem tot die aflê van hierdie verklaring?

Antwoord: ....*NEE.*....

(ii) Deur wie, wanneer en wat behels die beloftes?

Antwoord: ....*N.V.T.*....

(iii) Het hierdie beloftes u besluit in enige mate beïnvloed?

Antwoord: ....*N.V.T.*....

12. (i) Verwag u enige voordele indien u 'n verklaring aflê?

Antwoord: ....*NEE*....

(ii) Watter voordele verwag u?

Antwoord: ....*N.V.T.*....

13. (i) Het die feit dat u voordele verwag in enige mate bygedra tot die besluit om hierdie verklaring af te lê?

Antwoord: ....*N.V.T.*....

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike dokument. Daar is geen aanduiding dat die oorspronklike dokument deur ongemagtigde persone gewysig is nie.
Certified a true copy of the original document. There is no indication that the original document has been amended by unauthorised persons.
1993-02-02
HOOFKLERK VAN DIE PROKUREUR-GENERAAL
CHIEF CLERK OF THE ATTORNEY-GENERAL
PRETORIA

13. (ii) Indien u geen voordele ontvang nie, sou u nogtans die verklaring aflê?

Antwoord: ....JA..........

14. U moet geen voordeel verwag indien u die verklaring sou aflê nie. Verstaan u dit?

Antwoord: ....JA..........

15. (i) Het u voorheen 'n verklaring ten opsigte van hierdie aangeleentheid voor enige persoon afgelê?

Antwoord: ....NEE..........

(ii) Wanneer en aan wie?

Antwoord: ..........N.V.T..........

(iii) Waarom wil u nou weer 'n verklaring aflê?

Antwoord: ..........N.V.T..........

16. Is die voorgenome verklaring gebaseer op u persoonlike kennis en ondervinding?

Antwoord: JA..........

17. (i) Is u in hegtenis?

Antwoord? JA..........

(ii) Wanneer is u gearresteer?

Antwoord: 30/6/92..........

18. (i) Het u beserings van enige aard?

Antwoord: NEE..........

(ii) Hoe het u hierdie beserings opgedoen?

Antwoord: .....N.V.T..........

(iii) Kan u hierdie beserings aan my toon?

(Slegs indien vertoonbaar)

Antwoord: Geen beserings om te toon nie..........

....

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike dokument. Daar is geen aanduiding dat die oorspronklike dokument deur ongemagtigde persone gewysig is nie.
Certified a true copy of the original document. There is no indication that the original document has been amended by unauthorised persons.
1993-02-02
HOOFKLERK VAN DIE PROKUREUR-GENERAAL
CHIEF CLERK OF THE ATTORNEY-GENERAL
PRETORIA

18. (iv) Opmerking deur landdros: *Geen interlike beserings waarneembaar nie*

19. (i) Het u pas verdowingsmiddels of sterk drank ingeneem?

Antwoord: *NEE.*

(ii) Wanneer en wat?

Antwoord: *N.V.T.*

20. Is u nugter en by u volle verstand?

Antwoord: *JA*

21. Dui aan of die verklaarder gedurende hierdie verrigtinge nugter en by sy volle positiewe voorgekom het. Meld ook enige besondere toestand: *Verklaarder kom nugter voor en blyk by sy volle positiewe te wees.*

22. Die verklaarder lê die onderstaande verklaring vrywillig en ~~in~~ * ~~sy/haar eie woorde~~ / deur middel van 'n tolk af. Slegs vrae wat nodig is om onduidelikhede op te klaar is aan *hom / ~~haar~~ gestel.

OP DIE 17/6/92 WAAR EK EK TE MADALA HOSTEL TE VAN DERBIJLPARK. EK HET DIE GELUID VAN DIE LUIDSPREKER GEHOOR WAT SÊ DAT DIE MENSE BYMEKAAR MOET KOM. INDIEN DIE INWONERS DIE LUIDSPREKER HOOR MOET ALMAL NA DIE STADION OP DIE GRONDE GAAN. ONS HET ALMAL NA DIE STADION GEGAAN. 'N SEKERE OU INKOM MET DIE VAN VAN MKIZE HET GESÊ DAT ONS BOIPATONG MOET GAAN AANVAL. ONS IS TOE NA BIOPATONG TOE. ONS HET MENSE DAAR GAAN DOODMAAK. EK HET BY 'N SEKERE HUIS INGEGAAN EN 'N VIDEO GEVAT. MENSE HET VAN EEN HUIS NA DIE ANDER GEGAAN EN MENSE IN DIE HUISE DOODGEMAAK. NADAT ONS DIE HUISE AANGEVAL HET IS ONS TERUG NA DIE HOSTEL TOE. TOE ONS OPPAD

............../6

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike dokument. Daar is geen aanduiding dat die oorspronklike dokument deur ongemagtigde persone gewysig is nie.
Certified a true copy of the original document. There is no indication that the original document has been amended by unauthorised persons.
1993-02-07
CHIEF CLERK OF THE ATTORNEY-GENERAL

WAS NA DIE HOSTEL TOE HET DIE SOLDATE VOERTUIG DAAR AAN GEKOM. ONS HET DIE GOEDERE WAT ONS GEDRA HET OP DIE GROND GEGOOI SOOS T.V. STELLE EN ANDER GOED. DIE SOLDATE VOERTUIG HET VERBY GERY EN ONS IS OOR DIE TEERPAD. TOE ONS BY DIE HOSTEL AANKOM IS ONS WEER NA DIE STADION TOE. MKIZE HET TOE VIR ONS GESê ONS IS KLAAR MET DIE WERK WAT ONS GEDOEN HET. ONS HET TOE GAAN SLAAP.

DIT IS AL.

(Get.) Phillip Mgcina — W.F. Mnisi

VERKLAARDER — TOLK

Geteken voor my:

A.G. du Plessis

ADD. LANDDROS

14/7/92

Gesertifiseer 'n ware afskrif van die oorspronklike dokument. Daar is geen aanduiding dat die oorspronklike dokument deur ongemagtigde persone gewysig is [illegible]
Certified a true copy of the [illegible] There is no indication that the original document has been amended by unauthorised persons.
1993-02-02
HOOFKLERK VAN DIE PROKUREUR-GENERAAL
CHIEF CLERK OF THE ATTORNEY-GENERAL
PRETORIA

Voorgaande verklaring is deur my in die teenwoordigheid van die verklaarder en in * sy / ~~haar~~ eie woorde neergeskryf. Die verklaring is aan die verklaarder * oorgelees / oorgetolk. Die verklaarder bevestig dat die verklaring korrek is en bring * sy / ~~haar~~ * handtekening / ~~regter duimafdruk~~ daarop aan.

(Get.) Phillip M. Mscina

* HANDTEKENING / ~~REGTERDUIMAFDRUK~~ VAN VERKLAARDER

OPMERKINGS:

SWART MANLIKE PERSOON, 19 JAAR OUD. LIG VAN GELAAT, 1 CM. MERK OP LINKER WANGBEEN

DATUMSTEMPEL
LANDDROS
SPRINGS
14/07/1992

(Get.) A.G. du Plessis

LANDDROS

Ek, ...*WILLIAM FETTIE MNISI*........ sertifiseer dat:

(i) ek 'n behoorlik aangestelde tolk op die personeel van ....*SPRINGS*.... ....*LANDDROSKANTOOR*.... is;

(ii) ek die voorgeskrewe eed as tolk afgelê het; en

(iii) ek getrou en juis en na die beste van my vermoë getolk het met betrekking tot die inhoud van hierdie verklaring en enige vraag deur die landdros aan die verklaarder gestel.

DATUM: *14/7/92*

(Get.) W.F. Mnisi

HANDTEKENING VAN TOLK

er/

"G"

VIR GEBRUIK DEUR OFFISIERE ALLEEN

Om ..15:55.. op hierdie ....14 de......dag van ....Julie.........

19..92 en te ..D K HEIDELBERG (T)..........verskyn:

(Volle naam en van) ..MUSA THOKOZANE DLAMINI........................

Woonadres ..KWAMANDALA HOSTEL 9.........................tel.GEEN......

Werkadres ..WERKLOOS................................tel.N.V.T......

Identiteitsnommer ..N.B.N. 23 JAAR OUD..........oënskynlik by sy/haar gesonder en volkome verstand, voor my :

LUITENANT M D ATTERBURY..

Vrederegter vir die Republiek van Suid-Afrika.

Die verklaarder is deur ..A/O SCHULTZ.........................van die Suid-Afrikaanse Polisie na my privaat kantoor gebring en in die kantoor is daar slegs ek, die verklaarder, en ..S/SERSANT B R MHLONGO....,die tolk, en niemand anders nie teenwoordig.

Die verklaarder word meegedeel dat hy/sy in die teenwoordigheid van 'n polisieoffisier is, wat as sodanig 'n Vrederegter is. In hierdie stadium toon ek my aanstellingsertifikaat en verduidelik ek hom of haar wat 'n Vrederegter is en ook dat ek geen kennis van die saak het nie. Ek deel hom/haar ook mee dat hy/sy niks te vrees het nie en dus met vrymoedigheid kan praat en dat, indien nodig, beskerming teen enige onreëlmatigheid aan hom/haar verleen kan word.

Die verklaarder word gewaarsku dat hy/sy nie verplig is om enige verklaring, hoegenaamd, af te lê nie en dat, as hy/sy 'n verklaring sou aflê, dit neergeskryf en as getuienis gebruik mag word.

Daarna verstrek hy/sy die volgende antwoorde op die onderstaande vrae nadat die betekenis, die inhoud en die oogmerk van elke vraag aan hom/haar verduidelik is:

1. Begryp u die waarskuwing wat deur my aan u gegee is?

   ANTWOORD : ..JA..

2. Is u nogtans begerig om 'n verklaring af te lê?

   ANTWOORD : ..JA..

/2...

3.1 Is u deur enige persoon aangerand of gedreig om u te beïnvloed om 'n verklaring te kom aflê?

ANTWOORD : ..NEE...

3.2 Indien wel, deur wie is u aangerand en wanneer, hoe en waar het dit plaasgevind?

ANTWOORD :..N.V.T...

3.3 Is hierdie aanranding gerapporteer, en indien wel, aan wie en wanneer?

ANTWOORD : ..N.V.T...

3.4 Het hierdie aanranding aanleiding gegee tot die aflegging van hierdie verklaring?

ANTWOORD : ..N.V.T...

4. Is u deur enige persoon op enige wyse beïnvloed of aangemoedig om 'n verklaring af te lê?

ANTWOORD : ..NEE...

5.1 Is enige beloftes deur enige persoon aan u gedoen indien u 'n verklaring sou aflê?

ANTWOORD : ..NEE...

5.2 Indien wel, watter beloftes?

ANTWOORD : ..N.V.T...

5.3 In welke mate, indien enige, het die beloftes bygedra tot u besluit om 'n verklaring af te lê?

ANTWOORD : ..N.V.T...

6.1 Verwag u enige voordele as u 'n verklaring aflê?

ANTWOORD : ..NEE...

6.2 Indien wel, watter voordele?

ANTWOORD : ..N.V.T...

6.3 In welke mate, indien enige, het die feit dat u voordele verwag, bygedra tot u besluit om 'n verklaring af te lê?

ANTWOORD : ..N.V.T...

7.1 Het u vantevore 'n verklaring, hetsy mondelings of skriftelik, in verband met hierdie voorval aan enige persoon gemaak ?

ANTWOORD : ..NEE...

7.2 Indien wel, aan wie, wanneer en onder watter omstandighede?

ANTWOORD : ..NEE...

/3...

7.3 **Waarom verlang u om die verklaring te herhaal?**

ANTWOORD : ..N.V.T...

8.1 **Is u in hegtenis geneem?**

ANTWOORD : .JA...

8.2 **Wanneer is u gearresteer?**

ANTWOORD : .ONGEVEER 3 WEKE GELEDE.........................

9.1 **Het u beserings van enige aard? Indien wel, hoe en wanneer het u dit opgedoen?**

ANTWOORD : GEEN..

9.2 Waarnemings deur die Vrederegter :

GEEN BESERINGS WAAR TE NEEM NIE.......................

....

10.1 Het u beswaar teen die teenwoordigheid van enige persoon binne of in die onmiddellike omgewing van hierdie kantoor?

ANTWOORD : ..NEE..

10.2 Indien wel, teen wie en waarom?

ANTWOORD : ..N.V.T...

11.1 Is u steeds begerig om 'n verklaring af te lê?

ANTWOORD : ..JA...

11.2 Aangesien u steeds bereid is om 'n verklaring af te lê, wil ek van u verneem vanwaar en hoe u die kennis opgedoen het omtrent die beoogde verklaring wat u wil maak?

ANTWOORD : ..EK WAS TEENWOORDIG.............................

12.1 Is u tans onder die invloed van enige drank en/of verdowingsmiddels?

ANTWOORD : ..NEE..

12.2 Waarnemings deur die Vrederegter :

DIE VERDAGTE KOM SORGLOOS VOOR. Daar is niks wat daarop dui.....

.dat hy nie nugter is nie.................................

13. Noudat dit blyk dat die verklaarder -

13.1 by sy/haar volle positiewe is;

13.2 nie onbehoorlik daartoe beïnvloed is nie, en

13.3 vrywillig en ongedwonge 'n verklaring wil maak,

word hy/sy meegedeel dat hy/sy nou kan voortgaan:

Op Woensdag die 17 de Junie 1992 was ek in my kamer te Nr 9 Kwamandala Hostel. Ons was 4 mans in die kamer. Ek het toe 'n Zulu trompet buite gehoor. Ek het toe uit my kamer gegaan en gesien die mense in die binne plein van die Hostel vergader. Ek het toe na die groep mense gegaan. Voordat ek uit my kamer gegaan het, het ek my bewapen met 'n tradisionele skild, knopkierie en 'n stok. Toe ek by die groep mense aansluit het ek die Indoena van die jong manne van die Hostel hoor praat met die groep. Sy naam is Mkhize. Al die mense in die groep was gewapen met kieries, stokke en sommiges het assegaie gehad. Mkhize het aan ons gesê dat ons na Ncicera, dit is ons naam vir Boipatong, om te veg. Ons het toe te voet gestap na Ncicera. By Ncicera het ons 'n reguit lyn gevorm en ons beweeg tussen die huise. Sommige van ons het in die strate wat die huise skei gestaan en sommige van ons het in die huise ingegaan. Ek het gehoor hoe die huise se ruite breek. Ek self het klippe opgetel en na huise se vensters gegooi. Ons het aangehou om klippe te gooi en in te beweeg in die woongebied. Toe ons in die middel van die woongebied was het ek gehoor dat die mense na ons moet omdraai en terug gaan na die Hostel. Ons het toe terug-gegaan na die Hostel. By die Hostel het Mkhize aan ons gesê dat ons moet terug gaan na ons kamers. Hy het verder gesê dat ons nie aan die polisie moet sê dat dit hy is wat ons die instruksies gegee het om te veg nie.

Bostaande verklaring deur my op skrif gestel.

GETEKEN : M D ATTERBURY

HEIDELBERG (T)

1992-07-14

17:27

/5...

14.1 Nadat die verklaring afgeneem is, word die verklaring aan die verklaarder oorgelees - hy/sy word ook die geleentheid gebied om die verklaring self deur te lees en veranderings aan te bring indien hy/sy dit nodig ag.

14.2 Notuleer of hy/sy self ook die verklaring deurlees.

.VERDAGTE.HET.NIE.SELF.DIE.VERKLARING.GELEES.NIE:...............

14.3 Is die verklaring deur middel van 'n tolk aan die verklaarder voorgelees?

..JA...

15. Die volgende vrae word nou aan die verklaarder gestel:

15.1 Is u tevrede dat dit wat u verklaar het, korrek genotuleer is?

ANTWOORD : .JA...

15.2 Het u enige klagtes oor die wyse waarop ek hierdie verklaring afgeneem het?

ANTWOORD : ..NEE...

15.3 Is u tevrede met die tolk?

ANTWOORD : ..JA..

PLEK : .HEIDELBERG.(T)....

DATUM : .1992-07-14........

TYD : ...17:22..............

DUIMAFDRUK VAN DIE VERKLAARDER.

GETUIE : O/SERSANT MHCONGO
B R MHLONGO

Ek, nommer 0159947-0 (rang) S/Sersant (Naam) B R MHLONGO .... sertifiseer dat ek getrou en juis en na die beste van my vermoë vanuit die ..ZOELOE...taal na die .ENGELS.....taal, en andersom, getolk het met betrekking tot die inhoud van die bostaande verklaring en enige vraag deur die Vrederegter aan die verklaarder gestel.

GETEKEN : B R MHLONGO
HANDTEKENING VAN TOLK

/6...

Waarnemings deur die Vrederegter omtrent die verklaarder :

1. Kleredrag ; ...GEKLEED IN DIE KLERE VAN KORREKTIEWE DIENSTE.......

2. Voorkoms :...NORMAAL...

3. Houding (Spontaan, bang, op sy gemak, ens.)
   ..OP SY GEMAK...

PLEK : ..HEIDELBERG (T).

DATUM : .1992-07-14.....

TYD : ...17:27..........

GETEKEN : M D ATTERBURY

HANDTEKENING EN OFFISIER

4335N/1-6

"H"

VANDERBIJLPARK MR 515/06/92

VERKLARING DEUR VERDAGTE:

Om 09:30 op hierdie 26ste dag van Junie 1992 in my kantoor te John Vorsterplein polisiestasie, voer ek 'n onderhoud met

MJANYELWA NDABA
(hierna die verdagte genoem).

In my kantoor is daar slegs ek, die verdagte, O/SERS J BOTHMA en S/KST K A MADLABANE tolk in die ZOELOE taal, wat deur die verdagte gebesig word en niemand anders nie.

Die verdagte word meegedeel dat ek 'n LUITENANT (rang) is en ampshalwe 'n vrederegter is. Ek toon aan hom my aanstellings-sertifikaat.

Sy reaksie daarop is : EK SIEN U IS 'N LUITENANT IN DIE S.A.P EN GLO DIT.

Ek deel die verdagte nou mee dat ek deel het aan die ondersoek van 'n saak van : VESKEIE MOORDE EN VERSKEIE POGINGS TOT MOORD EN AANRANDING wat gepleeg is op die 17de dag van JUNIE 1992 om ongeveer : TUSSEN 18:00 EN 24:00 TE BOIPATONG (TSIRELA) VANDERBIJLPARK.
en dat ek oor sekere inligting beskik wat daarop dui dat hy in die pleging van genoemde misdryf geïmpliseer is.

VRAAG: Verstaan en begryp u die bewering teen u?
ANTW: JA

Die verdagte word soos volg ingelig:

1. U is nie verplig om enige antwoord op enige vraag te verstrek en/of enige verklaring ten opsigte van bovermelde misdryf te maak nie, maar wat u ook al mag verkies om te sê, sal op skrif gestel word en mag later as getuienis in die hof aangebied word.

2. Ek is geregtig om sekere vrae aan u te stel en deur die beantwoording daarvan, mag u sekere punte kan verduidelik waardeur u moontlik u onskuld kan bewys.

3. U moet versigtig wees wat u sê, aangesien hierdie 'n ernstige saak is.

VRAAG: Vertaan u dit?
ANTW : JA

VRAAG: Wat is u keuse? Wil u 'n verklaring maak, slegs op vrae antwoord of niks sê nie?
ANTW : 'N VERKLARING MAAK SOWEL AS VRAE BEANTWOORD.

M. Nyanyelwa Ndaba
WAS GETEKEN: MJANYELWA NDABA

(Vul die volgende in slegs indien die verdagte verkies om iets te sê)
Ek versoek die verdagte om op die volgende vrae te antwoord:

1. Is u besluit om 'n verklaring af te lê u eie keuse?
ANTW: JA.

2. (1) Is u op enige wyse aangerand of gedreig?
ANTW: NEE.
(2) Indien wel, deur wie, wanneer en waar?
ANTW: NVT.

3. Het die feit dat u aangerand of gedreig is enige invloed op die aflegging van hierdie verklaring/beantwoording van vrae?
ANTW: NVT NIE AANGERAND OF GEDREIG NIE.

4. Het u enige beserings?
ANTW: NEE.

5. Is u op enige wyse beïnvloed om 'n verklaring af te lê?
ANTW: NEE

6. Maak u hierdie verklaring vrywillig?
ANTW: JA

7. Is u tans onder die invloed van enige drank of dwelms?
ANTW: NEE, EK ROOK OF DRINK GLADNIE.

(Hierna verklaar die verdagte/antwoord die verdagte op die volgende vrae soos volg) (Volg op folio).

[illegible]

IDENTITEITSNOMMER 3903045141084- WERKNOMMER 8041919:

Ek MJANYELWA NDABA maak nou die volgende verklaring vrywillig en die inhoud is slegs die waarheid:

1.

Ek is 'n 54 jarige volwasse Zoeloe sprekende Suid Afrikaanse burger gebore op 24 Januarie 1938 te NGOBA, BERGVILLE, NATAL. Ek is getroud met FLORENCE SKONFI NDABA Nee NTUMBA en daar is vier kinders uit hierdie huwelik gebore. My tuisland posadres is NGWADI SCHOOL, P/BAG X7, WIENTERTON, 3340. My woning is te NGOBA BERGVILLE en my "CHIEF" is ene MAZWAZI en woon te WIENTERTON. My "INDUNA" is ene "SIQNGO" en woon te NGOBA BERGVILLE. Ek is tans werksaam te YSKOR, VANDERBIJLPARK as 'n "fitter". My voorman is ene PIET. Sy van is ek nie seker van nie. My werktelefoonnommer is 889-3138 (kode 016). Ek het gedurende of op 17 Februarie 1958 te bovermelde adres begin werk. Gedurende November 1959 het ek bovermelde werk verlaat en weer gedurende Maart 1961 daar begin werk. Gedurende November 1965 het ek bovermelde werk verlaat en weer gedurende Mei 1966 daar begin werk. Sedertdien is ek onafgebroke daar werksaam.

2.

Ek is sedert Julie 1990 'n ingeskrewe lid van die INKHATA VRYHEIDS PARTY en het destyds by die Sebokeng Hostel lid geword toe ek nog daar gewoon het. Ek is tans woonagtig te kamer 18 KWA-MADALA Hostel, VANDERBIJLPARK sedert ongeveer Maart/ April 1991. Ander persone wie saam met my kamer no 18 deel is asvolg:

2.1 BUTHELEZI (VAN)

2.2 MTHEMBU (VAN)

2.3 ZULU (VAN)

2.4 NTSHANGASE (VAN)

2.5 TULANI MAGAGULA

2.6 WISEMAN/ WIDEMAN THABETHE

2.7 NXUMALO (VAN) - Hy is gedurende die eerste week van Junie 1992 met <u>vakansieverlof</u> en hy het gesê dat hy na sy tuisland woning te NONGOMA, NATAL gaan. Hy werk ook by Yskor.

mjanyelwa ndaba

2./....

2.8 KWANYANA (VAN) - Alhoewel hy 'n bed in die kamer het, woon hy by sy vrou in Vereeniging in die dorp. Ek het hom gedurende Mei/begin Junie 1992 laas gesien.

2.9 NDEBELE (VAN) Hy is ook met vakansieverlof en hy het gesê hy gaan na ek is nie seker, MAHLABATINI OF NONGOMA in Natal. Ek weet ook dat hy soms by sy vrou woon wie ook 'n kamer in dieselfde hostel het. Ek het hom laas op die 27 ste Mei 1992 gesien en hy behoort die 1ste Julie 1992 weer te begin werk.

3.

Op Woensdag 17 Junie 1992 tussen ongeveer agt (8) en nege (9) namiddag het ek 'n luidspreker 'n geraas hoor maak terwyl ek in my kamer was. Hierdie luidspreker word gewoonlik by die hostel gebruik en raas dan ook wanneer die inwoners byeen geroep word om 'n vergadering te hou. Wanneer die luidspreker so 'n geraas maak, dan weet ons inwoners dat ons na die Stadion/saal moet gaan en dat ons, ons wapens moet saamneem. Ek is die eienaar van twee tuisgemaakte yster wapens wat ek self vervaardig het. Die een ysterwapen is 'n pyp wat ek by Yskor in gesmelte yster/staal gedruk het en wat 'n yster/staal knop aan die een punt vorm. Die ander ysterwapen is ook 'n pyp wat ek aan die een kant met 'n skuurmasjien by die hostel skerp gemaak het soos 'n spiespunt. Aan die anderkant van dieselfde ysterwapen is 'n ingeskroefde bout. Toe die luidspreker die geraas gemaak het, het ek laasgenoemde wapen saam met my na die Stadion/saal geneem. Ter verduideliking het ek sketse van die twee ysterwapens gemaak en aan die persoon wat hierdie verklaring van my afgeneem het (LUITENANT N J DEETLEFS) oorhandig. Hy het eersgenoemde wapen as no (1) gemerk en laasgenoemde as no (2). Dit vorm deel van my verklaring, die sketse op 'n gelinïeerde folio bladsy wat ek ook onderteken het.

4.

Hierdie stadion/saal beskik oor stoele en 'n platform. Met my aankoms daar was ene MKHIZE asook 'n ander manspersoon ek dink hy staan bekend as "KONDEKS/KONDAKS" wie nie 'n inwoner van die hostel is nie op die platform. MKHIZE is die leier van die volwasse Zoeloe "IMPIS" in die hostel. Ek weet nie wat die ander persoon se posisie is nie. Hierdie persoon is soms by die hostel en is dan gewoonlik in die geselskap van MKHIZE. Hy is wel 'n Zoeloe en is ook die eienaar van 'n kleinerige blou kleur voertuig met Transvaal registrasieplate. MKHIZE is ook die eienaar van twee of drie "shebeens" in die hostel. Hy is ook die eienaar van 'n kleinerige wit kleurige voertuig, fabrikaat ek dink is 'n Cressida. Hy het hierdie voertuig na sy tuisland terug geneem aangesien die voertuig gedurende 1991 of vroeg hierdie jaar beskadig is met drie koëelgate in die bagasiebak. Die persoon bekend as "KONDEKS/KONDAKS" se bovermelde voertuig was wel die betrokke aand binne die perseel van die hostel geparkeer.

[illegible]

MKHIZE het die inwoners wie toe in die Stadion/saal teenwoordig was, meegedeel dat mense gekies sal word om na TSIRELA, ook bekend as BOIPATONG, die aand te gaan. Terloops, "KONDEKS/KONDAKS" het nie gepraat terwyl ek daar was nie, tensy hy gepraat het voordat ek daar aangekom het. Ek weet ook nie wat die doel was dat hy saam met MKHIZE op die platform was nie. 'n Onbekende manspersoon het toe ook in Zoeloe gesê dat die ou mense en siekmense nie saam na TSIRELA (BOIPATONG) sal gaan nie, maar in die hostel sal agterbly. Ek wil net duidelikheid gee met wat ek bedoel dat "KONDEKS /KONDAKS" in die hostel woon. Hy het wel gedurende 1991 'n kamer in die hostel gehad en sy voertuig was altyd daar geparkeer. Sedert hierdie jaar besoek hy net soms die hostel.

5.

MKHIZE het ook die bevel gegee dat almal van ons met medisyne gegooi moet word. Die wat na TSIRELA toe gaan sowel as die wat in die hostel gaan agter bly. Daarna het ons gewag vir ongeveer dertig (30) minute voordat die persoon ene NTOMBELA gekom het wat ons met die medisyne moes gooi. Ons het op hierdie stadium buitekant die stadion/saal gewag. NTOMBELA het toe met hulle plastiese houers, ek dink 20 liter kanne gekom en ek onthou die een houer was rooi. Hy het toe begin om met 'n koppie uit die houers te skep en oor ons gegooi. Terloops, NTOMBELA woon ook in die hostel en werk by Yskor. NTOMBELA is as ek moet skat, so in sy veertigs. Nadat ons met die medisyne gegooi was, het ene MTHEMBU wie saam met my 'n kamer deel, vir my gevra of hy my selfgemaakte wapen (spiespyl) wat ek by my gehad, kon leen. MTHEMBU het slegs 'n gewone kierie sonder 'n knop by hom gehad, en ek het toe hierdie wapen van my no (2) op die skets, aan hom geleen. MKHIZE het ook gesê, dat die wat na Tsirela toe gaan, iets soos kieries en assegaaie moes saamneem en gaan kry die wat nog nie dit by hulle gehad het nie. Ek het nie enige vuurwapens gesien nie maar hulle kon wel gehad het en dit versteek het. Die persoon wat saam met MKHIZE op die platform was naamlik "KONDEKS/KONDAKS" het 'n lang jas aangehad. Baie inwoners het agter gebly en baie het toe by die hek uitgeloop.

Terloops, 'n sekuriteitswag ene NTULI het op daardie stadium by die hek waar hulle uit is, diens gedoen. Ene KHUMALO wie ook in die hostel woon en by Yskor werk, het toe vir ons wat agter gebly het, gesê dat ons nie mag gaan slaap, ons moet wag totdat die mense vanaf TSIRELA terugkom. 'n Ou man ene BUTHELEZI was ontevrede en het gesê dat dit koud is. Hy het na sy kamer gegaan en weer terug gekom. Terloops, BUTHELEZI is 'n predikant. Ekself behoort nie aan 'n kerk, alhoewel ek aan GOD GLO. Ek wil ook net noem met betrekking tot die MEDISYNE wat op ons gegooi is, dit is 'n kultuur van die Zoeloe nasie. Wanneer ons, die Zoeloes gaan veg met die vyand, dan gebruik ons dit aangesien ons glo dat ons dan die vyand sal wen en ons nie seer sal kry nie. Ek self glo ook daarin.

Mlangelwa Ndaba

Collection Number: AK2672

Goldstone Commission BOIPATONG ENQUIRY Records 1990-1999

PUBLISHER:
Publisher:- **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
Location:- **Johannesburg**
©2012

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.